LAERSKOOL GOEDEHOOP

# Goedes Nuusbrief

GROEI EN BLOEI

NUUSBRIEF 10/2025

## Mnr Gawie sê sy sê...Bid vir wysheid

Ek neem aan u elkeen word soms kwaad vir die skool. U mag dalk dink, hoe kan die persooon so dom wees om so iets te doen? Ons mag dalk begin twyfel in die onderwysers se karakter. Hoe kan dit wees dat die persoon so optree, ons mag dalk dink die persoon wil my kind met opset benadeel. Dit is ook so dat ons as onderwysers soms vir u as ouers ook kwaad word. Ons mag dalk dink, hoe kan 'n ouer so dink? Hoe kan 'n ouer so optree en so min insig aan die dag lê. Die feit van die saak is, soms word ons onnodig kwaad. Frustrasies bou op en dis die laaste druppel in die emmer wat die emmer laat oorloop. Dit is ook waar dat ons soms met rede kwaad word en dat ons of ons kinders te na gekom is en 'n probleem aangespreek moet word. Om hierdie te verhoed is dit besonders belangrik dat ons elke dag met wysheid en insig moet optree. Wysheid en insig maak dat ons die mense rondom ons reg hanteer. Ons lees die volgende in 1 Timoteus 2:1-3 “Ek dring daarop aan dat daar in die eerste plek met smeking, voorbidding en danksegging gebid moet word vir alle mense, vir dié wat regeer en vir almal wat gesag uitoefen, sodat ons 'n rustige en stil lewe kan lei in volkome toewyding aan God en in alle eerbaarheid. So is dit goed en aanneemlik vir God, ons Verlosser.” Hier ontvang ons die opdrag, bid vir mekaar, bid vir mense wat gesag uitoefen. Met ander woorde, dit is ons almal se verantwoordelikheid om vir ons onderwysers te bid dat hulle elke dag toegerus sal word met wysheid en insig om goeie besluite te neem. Wanneer ek dit nie doen nie, volg ek nie hierdie opdrag nie. Dit is ook ons verantwoordelikheid om vir die ouers en kinders van ons skool te bid sodat hulle ook met wysheid en insig sal optree. Hieruit maak ek dus die stelling, ek kan nie vir 'n persoon kwaad word as ek nie in die oggend vir hulle gebid het nie. Nou dra ek die persoon aan God op sodat daar leiding vir die persoon is om goeie besluite te kan neem.

## Goegieland

Ons herinner u graag aan ons volgende pretdag, naamlik "Beeld ons land uit". Hierdie vind plaas op Vrydag, 28 Maart 2025. Ons wil asseblief vra dat elke maat R15 sal stuur voor Donderdag, 27 Maart 2025. Ons beplan om lekker te braai by die skool om ons land te vier. Ons herinner u ook dat die skool op Vrydag, 28 Maart 2025 om 11:00 sluit vir die Maart-vakansie. U kan dan ook maats se rapporte, kunswerke, werkboeke (Graad 0) en spogboekies (Graad 00 en 000) verwag.

Geniet die langnaweek en kom veilig terug indien u reis.

## Week se Program

### 26 Maart 2025

- Rainbow Rush

### 27 Maart 2025

- Markdag

### 28 Maart 2025

- Skool sluit vir vakansie

### 27 tot 29 Maart 2025

- Netbal Larries Toernooi o/10A & B, o/11 B tot o/13B te LS Rustenburg

### 28 Mrt tot 1 Apr 2025

- Rugby Noord Suid o/11, 2de & 1stes

## Markdag




Graad 1, 4 en 5 se Markdag vind plaas op Donderdag, 27 Maart 2025 vanaf 09:00 tot 11:00. Daar gaan oulike produkte wees - bring hope geld!

**Skool sluit Vrydag, 28 Maart 2025 om 11:00 vir die skoolvakansie**



## English Day

Congratulations to the following Best Dressed winners for our English Day that took place on 7 March 2025.
Grade 1 - Leah Niewoudt
Grade 2 - Lohandré Venter
Grade 3 - Arno Raath
Grade 4 - Janeke du Plessis
Grade 5 - Katelyn Shackleford
Grade 6 - Crysta-Lee Louw
Grade 7 - Armand Joubert

















## Redenaars


Op 12 Maart 2025 was ons eerste amptelike kompetisie vir die redenaars vir die jaar. Tien van ons leerders het gaan deelneem aan die Hoëveld Redenaarskompetisie te LS Secunda en het weereens hul uitstekend van hul taak gekwyt.


Die resultate is as volg:



















**<u>Graad 1 tot 3 Top 10</u>**
Zuvan Joubert - 7de
Mianique v Zyl - 10de
Baie geluk aan Simon Mostert wat ook in die kategorie deelgeneem het.

**<u>Graad 4 tot 5 Top 10</u>**
Doandrè van Staden - 3de
Marno Marais - 5de
Cayden Louwrens - 6de
Kaitlyn Shackleford - 9de

**<u>Graad 6 tot 7 Top10</u>**
Milan Zwarts - 5de
Daantjie Lesch - 9de
Baie geluk ook aan Waldt van Niekerk wat in die kategorie deelgeneem het. Die redenaars week stop nie daar nie. Ons het ook gaan deelneem by LS Menlopark op 14 en 15 Maart 2025 vir Super 12.




| 24 Mrt | 25 Mrt | 26 Mrt | 27 Mrt | 28 Mrt | 29 Mrt | 30 Mrt |
|---|---|---|---|---|---|---|
| Beaulene vd Merwe<br>Derrick Duvenage<br>Kayley Kruger | Sylvia-Marie v Rooyen<br>Miane Naude | Wihard Holtshauzen<br>Lenuschka v Deventer<br>Marno Campher | Miané v Rensburg<br>Waldt v Niekerk | Ethan Petzer<br>Charmoné vd Linde | Wiané vd Berg<br>Zie Zulu<br>Casey Kruger | Zhané Bidlingmaier |

# Spelers van die Wedstryd!

Baie geluk aan die netbal- en rugbyspelers wat tydens die vriendskaplike wedstryde teen Laerskool Jan van Riebeeck (6 Maart 2025) asook die Hoëveld Naweek (14 Maart 2025) te Laerskool JJ van der Merwe aangewys is as spelers van die wedstryd.



## Netbal Wildeklawer Toernooi 2025

Ons o/13A-netbalspan is weer uitgenooi na die Wildeklawer Toernooi in Kimberley. Ons is so dankbaar vir die groot voorreg! Die dogters toer reeds in April na Menlopark Hoërskool, daarom het ons dit goed gedink om 'n fondsinsameling te hou vir die dogters. Kom eet by Spur op 25 Maart 2025 van 17:00 af, kom eet vir 'n goeie "doel"!




## Netbal – LS JJ vd Merwe

Op Vrydag, 14 Maart 2025, het Goedehoop se netbalspanne ware deursettingsvermoë gewys en teen skole soos Laerskole JJ van der Merwe, Piet Retief, Oranjegloed en Bergland kragte gemeet. Dit was 'n dag vol netbal, en die meisies se fiksheid is behoorlik getoets. Ons is uiters trots op hul uitslae. Dankie dat julle ons naam met trots verteenwoordig het!

**<u>Uitslae</u>:**

| | | |
|---|---|---|
| o/10A | - | Wen 1; Verloor 3 |
| o/10B | - | Gelykop 1; Verloor 4 |
| o/11A | - | Wen 2; Gelykop 1; Verloor 1 |
| o/11B | - | Wen 4; Verloor 1 |
| o/12A | - | Wen 2; Verloor 2 |
| o/12 B | - | Wen 3; Verloor 2 |
| o/13 A | - | Wen 2; Verloor 2 |
| o/13 B | - | Wen 4 |

**<u>Toernooie</u>:**

| | |
|---|---|
| Larries Toernooi: | 27–29 Maart by Laerskool Rustenburg |
| Menlo Toernooi: | 2–5 April by Hoërskool Menlopark |

Sterkte aan die spelers en afrigters vir die bogenoemde toernooie. Hou Goedehoop se naam hoog en speel met sportmansgees!

## Bergfiets

Tydens Saterdag, 15 Maart 2025 se Kosmos 3-in-1 Bergfietswedren, het oranje, wit en blou die veld versier. Daar was 'n verskeidenheid van kinders, klein en groot en selfs ouers, ervare en onervare, op fietse om 'n gesinsoggend te geniet by die Funride! 10 km was sommer in 'n japtrap voltooi, lekker prettig. Sommige leerders het egter kans gesien vir 20km. Geluk aan die maats wat kon uithou!

**<u>o/9 & o/10</u>**

| | | |
|---|---|---|
| Erik du Plessis | - | 3de |
| Stian Storm | - | 4de |
| Christian Venter | - | 5de |
| Janco Kruger | - | 6de |
| Xander Vermaak | - | 8ste |

**<u>o/11 & o/12</u>**

| | | |
|---|---|---|
| Lumé Storm | - | 2de |
| Sebastiaan Matthee | - | 3de |
| Stephan Koekemoer | - | 6de |
| Brandt du Plessis | - | 12de |
| Mattias Viljoen | - | 13de |

Baie dankie aan MegChem Fietsryklub wat die oggend moontlik gemaak het!

LAERSKOOL GOEDEHOOP
GROEI EN BLOEI

**Goedehoop-Groete**
**Mnr Gawie van Niekerk**
**Prinsipaal**

# Akademie by LS Goedehoop PRIORITEIT!

## Waarom hierdie PRESTASIES...

- IKT-klasse
- Waardegedrewe
- Remediërende Onderrig
- Verrykende werk vir die skrander kind
- Goed gekwalifiseerde onderwysers
- 2 x Leeslaboratoriums Afr., Eng. & Wisk.

**17 uit 18 vraestelle Top 20 in Suid-Afrika**
Graad 1 tot 7
Afr, Eng, Wisk

**TOP 5**
5 vraestelle
**TOP 10**
12 vraestelle
**TOP 20**
17 vraestelle

**Die resultate bewys dit!**

**2002 tot 2024**




## Top 20.....2024

| AFRIKAANS | ENGELS | WISKUNDE |
|---|---|---|
| Gr. 1 - 6de | Gr. 4 - 13de | Gr. 1 - 12de |
| Gr. 2 - 9de | Gr. 5 - 9de | Gr. 2 - 5de |
| Gr. 3 - 4de | Gr. 6 - 10de | Gr. 4 - 12de |
| Gr. 4 - 13de | Gr. 7 - 4de | Gr. 5 - 9de |
| Gr. 5 - 5de | | Gr. 6 - 19de |
| Gr. 6 - 10de | Gr. 1 - 3 skryf nie Engels nie. | Gr. 7 - 10de |
| Gr. 7 - 2de | | |

LAERSKOOL GOEDEHOOP
GROEI EN BLOEI

CONQUESTA OLIMPIADE is 'n nasionale instansie wat deur objektiewe, eksterne eksamens die akademiese standaarde van Gr. 1 tot Gr. 7 in sekere vakke bepaal. Daar is tans ±1 000 deelnemende laerskole in Suid-Afrika (Privaat en Ou Model C-skole) wat hulle akademiese standaarde meet teen ander skole.

www.laerskoolgoedehoop.co.za • www.conquestaolympiads.com

#kindersmethoop